NG Kerk KraggaKamma

Ons is God se Fontein van Liefde / Hart vir Nelson Mandelabaai

#Imagine kids

Stoffel: O Hallo al julle maatjies! Ek hoop dit gaan nog sommer baie goed met julle!

Bella: O Hallo maats! Hallo Stoffel!

Stoffel: Huh…..Hallo Bella! Wat maak jy hier vandag?

Bella: Oeeeee, ek het vandag bietjie kom inloer , want ek hoor en sien hier is GROOT opgewondenheid by Kraggakamma vandag.

Stoffel: Huh??Opgewondenheid? Wat gaan aan?

Bella: Weet jy nie , Stoffel?! Jy's dan elke Sondag hier!!!!

Stoffel: Nee, ek weet nie! OK!! Ek en Wouter sit hier agter die gordyne en dan hoor ons nie altyd so lekker nie.

Bella: Wel, kyk net al die ballonne! Ek hoor dit het iets te doen met #Imagine Kidz!

Stoffel: #Imagine Kidz??!! Waaat!? Kom hulle hier na ons toe by Kraggakamma? Jipppeeeee!

Bella: Ja! Spesiaal vir al die kinders! Van Gr R – Gr 7.

Stoffel: Whoop! Whoop! Wow! Wanneer Bella? Wanneer kom hulle???

Bella: 2-6 Julie , In die volgende skoolvakansie!

Stoffel: Oeeeee, dankie tog! Dan hoef ek en Wouter nie weer by daai stupid nasorg te gaan bly nie! Dis soooo boring daar.

Bella: Ja, by #Imagine Kidz sal jy nooit verveeld wees nie! Daar is 'Crafts", speletjies, Bybel Avonture , "munchies " en sommer lekker saam sing tye !

Stoffel: O Griet , Bella!.... Ek dink nie ek sal kan gaan nie.

Bella: Hoekom nie , Stoffel?

Stoffel: …..Want dis Engels man!!! En , jy weet, “I speak English very delisiously “

Bella: Ag nee , man. Dis nie Engels nie. Die naam klink net Engels maar alles word in Afr aangebied. Jy hoef nie daaroor te worry nie.

Wysmuis op

Wysmuis: More,More almal!! Wat lyk julle twee so opgewonde Stoffel enen Bella?

Stoffel: Dis #imagine kidz , Wysmuis!! Weet jy dit nie??? Dit kom in die vakansie hier na ons toe by Kraggakamma!

Bella: Ja ! en ons kan nie wag nie!!!!

Wysmuis: O ja! Ek het gehoor daarvan . Dit is n fantastiese geleentheid vir al die maats om die vakansie hier te kom kuier en meer van Jesus te leer!

Bella: Hoe skryf mens in vir #imagine , Wysmuis?

Wysmuis: Inskrywings open 2 Mei en die maats sal online kan inskryf. Besonderhede sal nog volg.

Stoffel: O… o , en Wysmuis…..my ma gaan wil weet wat dit gaan kos?

Wysmuis: R200 per kind vir die hele week , Ma-Vry.

Bella: Wie kan almal betrokke raak, Wysmuis?

Wysmuis: Oh, #imagine kidz benodig hulp , Kraggakamma! Ons het ouers studente, eintlik enige iemand tussen 19 en 90 jaar nodig wat as Stasieleiers kan optree.

Dan is daar kleingroepie leiers nodig --- dis nou ons hoerskool kinders van Gr 8-Gr 12

Daar is n kosspan nodig – mense wat vir ons die kos kan maak en uitdeel.

En natuurlik n gebedspan. Mense wat kan bid, want dit gaan tog eintlik net oor Jesus en Sy eer.

Stoffel: O ja , Hy is die belangrikste!

Bella: En ons maats moenie vergeet om in te skryf nie, want sonder hulle inskrywings sal ons nie #imagine kidz kan hou nie.

Wysmuis: So kom Kraggakamma. Kom raak asb betrokke by #imagine kidz. Ons het julle hulp nodig. Dit gaan Groot PRET wees vir almal!!!

Almal saam: Ons hoop ons sien julle almal by by #imagine kidz 2018 net hier by Kraggakamma!!!!!

TOTSIENS TOT VOLGENDE KEER!!!